SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

**DRINGEND / URGENT**

**VRYSTAAT / FREE STATE**

***AAN / TO:*** **SAOU WERKPLEKVERTEENWOORDIGERS / SAOU SHOP STEWARDS**
***AANDAG: ATTENTION:*** **ALLE SAOU LEDE / ALL SAOU MEMBERS**
***Nuusbrief 21 van 2018 / Newsletter 21 of 2018***

# SAOU VRYSTAAT: "WORK TO RULE" -OPGESKORT-

SAOU Vrystaat het 'n baie positiewe en suksesvolle vergadering met die Departemnet van Onderwys gehad op 29 Mei 2018, waarby die verskillende rolspelers in die Vrystaat Departement van Onderwys betrokke is.

Talle griewe op die tafel het genoodsaak dat SAOU saam met ander unies besluit het om die "Work to Rule" arbeidsaksies toe te pas todat die DvO na die tafel kom en aan ons vereistes voldoen. So het talle SAOU lede getrou die arbeidsaksies ondersteun in belang van eenheid in arbeid.

Dit is aangenaam om aan te kondig dat ons tot 'n uitkoms kon kom t.o.v. die genoemde griewe wat op die tafel was.

**SAOU Vrystaat kan bevestiging bied t.o.v. die volgende:**

**A. Die skoolsubsidies sal voortaan volgens die voorskrifte van die wet betaal word aan die onderskeie skole, naamlik:**

- *Die 2de en 3de kwartale van 2018 se subsidies sal oorbetaal word aan skole voor of op **15 Junie 2018**.*
- *Die 4de kwartaal van 2018 en 1ste kwartaal van 2019 se subsidies sal oorbetaal word aan skole voor of op **15 November 2018**.*
- *Dat dié bogenoemde beginsel voortaan binne dié terme oorbetaal sal word.*

**B. Die Departement van Onderwys Vrystaat was reeds in gevorderde gesprekke met die**

# SAOU FREE STATE WORK TO RULE -SUSPENDED-

SAOU Free State had a very positive and successful meeting with the Department of Education on 29 May 2018, involving the various role-players in Free State Department of Education.

Many grievances on the table necessitated that SAOU together with other unions decided to apply the "Work to Rule" Labour Actions until the DoE comes to the table and meets our demands. Thus, many SAOU members have faithfully supported labour actions in the interest of unity in labour.

We gladly announce that an outcome was reached in regard to the mentioned grievances that were on the table.

**SAOU Free State can confirm the following:**

**A. The school subsidies will now be paid to the relevant schools according to the provisions in the act, namely:**

- *The subsidies of the 2nd and 3rd terms of the 2018 will be paid to schools before or on **15 June 2018**.*
- *The subsidies of the 4th term of 2018 and 1st term of 2019 will be paid to schools before or on **15 November 2018**.*
- *The above-mentioned principle will be applicable in in future.*

**B. The Department of Education Free State was already involved in progressive discussions**

**Provinsiale Tesourie. Die hoop is uitgespreek dat die DvO binnekort nie meer onder administrasie sal wees nie.**

C. **Die onderskeie Vakbonde binne die RAVO in die Vrystaat het reeds strategiese planne begin beding om die jaarlikse begrotingsprobleme van die Vrystaat Departement van Onderwys aan te spreek.**

SAOU Vrystaat is dus gemaklik met die uitkomste soos bereik met die werkgewer en wil alle lede inlig dat die "Work to Rule" arbeidsaksies vanaf **Maandag, 4 Junie 2018,** opgeskort sal word en dat die normale skooldag gevolg kan word.

**Vanaf Maandag, 4 Junie 2018 sal alle aktiwiteite dus na normaal terugkeer in die Departement van Onderwys en sal SAOU as deel van die alliansie CTU-ATU, terugkeer na die onderhandelingstafel binne die RAVO, asook met die Departemnet van Onderwys Vrystaat.**

SAOU wil alle lede bedank vir u geduld en ondersteuning gedurende die spanningsvolle tyd. U verset teen dié aksies het die pendelum geswaai.

Ons het versoek dat ons almal moes saamstaan en dié is die resultaat van u **EENHEID**!

***SAOU ONDERSTEUN U!***

**with the Provincial Treasury. Hopefully the DoE will soon be released from being under administration.**

C. **The various Trade Unions within the ELRC have already negotiated strategic plans to address the annual budgetary problems of the Free State Department of Education.**

SAOU Free State is therefore comfortable with the outcomes reached with the employer and wishes to inform all members that the "Work to Rule" labour actions will be suspended as of **Monday, 4 June 2018**, and that the normal school day can be followed.

**As of Monday, 4 June 2018, all activities will continue as usual within the Department of Education. SAOU will return to the negotiating table, as part of the CTU-ATU alliance, within the ELRC, as well as the Department of Education Free State.**

SAOU wishes to thank all members for the patience and support during this stressful time. Your resistance to these actions has swung the pendelum.

We requested that we all should stand together and this is the result of your **UNITY**!

***SAOU SUPPORTS YOU!***

FEDUSA
t: 051 430 1531 f: 051 430 1564 e: saouvrys@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 35551, FAUNASIG, BFN, 9325 | 2 SEWENDESTRAAT/SEVENTH STREET, ARBORETUM, BFN
REG NO: LR2/6/2/531